AGRINET VIDEO OPLEIDING PROJEK

Om kennis te deel gaan nie daaroor dat jy iets vir mense gee, of iets van hulle kry nie. Dít is slegs geldig vir die deel van inligting. Die deel van kennis vind plaas wanneer mense werklik daarin belangstel om mekaar te help om nuwe vermoëns vir aksie te ontwikkel; dit gaan dus oor die skepping van leerprosesse.

LEI PERSONEEL OP MET BEHULP VAN VIDEOS

The way you train your clients is important in enabling them to increase sales. Recent studies have shown that when a client is adequately trained in the beginning, they feel more confident in their job and therefore sell more.

- Peggy Morrow*; Training for Success*

Opleidingsvideo's is presies wat die titel sê - video's wat gemaak is met die spesifieke doel om mense op te lei. Video's word lankal erken as waardevolle leermiddels omdat dit op 'n effektiewe wyse visuele leidrade aan beide studente en instrukteurs verskaf. Voorbeelde van sulke leidrade is gebare, liggaamshouding en gesigsuitdrukkings wat kommunikasie en begrip verbeter. Dekades se navorsing het bewys dat liggaamstaal die enkele belangrikste element van verbale kommunikasie is.

In goeie sowel as slegte tye, is een van die grootste verborge onkostes vir baie ondernemings die koste daaraan verbonde om nuwe, of bestaande personeel, op hoogte te bring, of op te lei oor nuwe produkte. 'n Gedetailleerde produkopleidingsvideo is een van die direkste maniere om opleidingskostes vir kliënte/personeel te verlaag. 'n Produkopleidingsvideo kan personeel se produkopleiding versnel en dus verkort en alle personeel help om vinniger produktief te raak, wat hoër verkoopsyfers beteken. Wanneer 'n firma 'n groot geografies verspreide gehoor het, kan dit verskriklik duur raak om, óf opleidingsbeamptes wat die nodige ondervinding het na almal toe te stuur, óf om te betaal vir elke individu om opleidingskursusse by te woon. 'n Opleidingsvideo kan sodanige koste dramaties verminder en dit maak ook die opleidingsinligting onmiddellik beskikbaar aan al die personeel. Wanneer jy 'n wye en geografies verspreide gehoor het, kan opleidingsvideo's die ideale manier wees om inligting aan jou personeel oor te dra op die vinnigste en koste effektiefste manier.

Vandag se "visueel geletterde" samelewing verkry die meeste van sy inligting vanaf televisie en die Internet. Opleiers besef nou dat video die verkose medium is. Dit bespaar tyd, omdat jou boodskap vinniger aangebied word. Verder hoef opleidingsbeamptes nie te reis nie, wat beteken dat hulle nie vir lang periodes uit die kantoor is nie. Met 'n video het jy volkome beheer oor jou boodskap en kykers hoor net die inligting wat jy wil hê hulle moet hoor, in die presiese volgorde wat jy verkies.

'n Video wat professioneel geproduseer is, sal die kyker se aandag vinniger trek en beter behou as enige ander medium. Deur personeel deur middel van video's op te lei sal jou onderneming 'n kompeterende voordeel gee. Beeldmateriaal bring die kyker tot binne in jou fasiliteit sodat hulle die hele produksieproses kan sien, insluitende die kwaliteit van die materiale en die vakkundigheid wat gepaardgaan met jou onderneming se produkte en dienste. 'n Professioneel geproduseerde opleidingsvideo kan so ontwerp word dat dit jou bestaande gedrukte materiaal kan aanvul en komplimenteer.

Daar is 'n voorbeeld van 'n Agrinet produkopleidingsvideo op Youtube:
http://www.youtube.com/watch?v=w04GeZxFhy8

HOE WERK DIT?

- Produkopleiding video's sal gebruik word in 'n gestruktureerde program waartydens al die vloerpersoneel van al die winkels opgelei sal word deur Agrinet verteenwoordigers.
- Opleiding sal gemonitor word. Na elke opleidingsessie moet Agrinet verteenwoordigers 'n aanlyn elektroniese kontrolevorm op die Agrinet Opleidingsakademie se webtuiste voltooi - www.agrinet.co.za. Verkoopsbestuurders sal 'n e-pos boodskap ontvang om hulle in kennis te stel van watter opleiding aangebied is vir watter winkel en wie dit bygewoon het.
- Elke Agrinet verteenwoordiger moet tenminste vier opleidingsessies per maand aanbied.
- Nadat leerders die video gesien het, kan hulle op die Agrinet webtuiste ingaan en die aanlyn-toets met veelvuldige keuses voltooi om tekortkominge te identifiseer en ook om te sien of leerders die material verstaan. Die slaagpunt is 75%.
- Na voltooiing van die toets, sal die leerder sowel as die Agrinet Opleidingsakademie 'n kennisgewing met die resultate per e-pos ontvang.
- Kursusse om die geheue te verfris sal ten minste een keer per jaar aangebied word.